**Maandag 21 Augustus**
**Skrifgedeelte: Matteus 11:25-30**
**Fokusgedeelte: Matteus 11:29**
**Die teenstrydige wonderkarakter van Christelike rus**

Die eenvoudige mense aan wie God die geheim van die Christelike rus bekendmaak, is die ware gelowiges. Die rede waarom "slim" en "geleerde" mense nie hierdie rus kan verstaan nie, is omdat die opdragte van Jesus in ons Skrifgedeelte logies nie eintlik sin maak nie.

Volgens Jesus sal die ware rus gevind word wanneer: (a) jy, doodmoeg gejaag, tog nog bereid is om iewers heen te gaan, (b) jy, reeds oorlaai, nog verder iets opneem, (c) jy iets aanleer wat reeds bekend is, en (d) jy uiteindelik dit "vind" wat tog nie weg was nie. Kom ons kyk na elkeen van hierdie oënskynlik verwarrende uitsprake:

- Vermoeide mense word uitgenooi om by Jesus "te kom" (Matt. 11:18a). Dit beteken gelowige oorgawe aan sy almag, genade (verlossing) en regering.
- Wat hulle moet opneem, is Jesus se juk (Matt. 11:29a). Om die juk "op te neem", was 'n bekende oproep van rabbi's aan hulle volgelinge. Die juk wat die volgeling moes opneem, was om te weet wat die rabbi weet, te doen wat die rabbi doen, en te word wie die rabbi is.
- In hierdie konteks moet ons die bekende sagmoedige en nederige hart van Jesus so leer ken (Matt. 11:29b) dat ons self ook met hierdie gesindheid begin leef.
- Die rus wat dan gevolglik in jou lewe neerdaal, word eintlik deur alle mense gesoek. Tog was dit nooit weg nie, maar altyd by Jesus beskikbaar. Hy gee dit (Matt. 11:29c) aan elkeen wat gelowig "kom", "opneem" en "leer". Hy is die goeie Herder. Na water waar rus is, lei Hy jou heen (Ps. 23:2).

*Sing: Skrifberyming 17-2:5, 7, 8*
*Dr. WC Vergeer (Wim) (Krugersdorp)*